Vrydag **19 April**

**Skrifgedeelte: Levitikus 19**

**Fokusgedeelte: Levitikus 19:1-4**

**’n Heilige lewe begin by ma en pa**

Levitikus 19 gaan oor hoe mense met mekaar behoort saam te leef om ’n gesonde gemeenskap te skep, ’n gemeenskap waarin dit ’n plesier is om te woon. Hierdie lewe is die gevolg van ’n uitvoering van God se woorde: Wees heilig, want Ek die HERE jou God is heilig.

*Die HERE is heilig.* God se heiligheid behels dat Hy enig in sy soort is as God. God se heiligheid sien op die oneindige afstand tussen die volmaakte regverdige en smettelose reine God (Hab. 1:13) en die onvolmaakte, onregverdige, geheel-besmette en onreine mens wat net stof en as is teenoor God se majesteit (Gen. 18:27) en by wie niks anders pas as “wee my, want ek vergaan !” (Jes. 6:5) (Noordzij). Heiligheid besit die mens nie. Dit daal van God af en word ontplooi deur ’n lewe in God se diens.

*Wees daarom heilig, gelowige*. God reik verbasend uit na die mens op aarde met die doel dat die mens die hart van God se karakter in sy daaglikse lewe sal weerspieël.

Dit beteken nie ’n vae mistisisme nie. Dit is prakties. Die herhalende refrein *Ek is die Here julle God* herinner die kerk daaraan dat elke aspek van ons lewe, of dit godsdiens is (vs 21-24), seks (vs 18, 20) of die verhouding met jou bure (vs 19, 25), by dit alles het die HERE belang.

*’n Heilige lewe begin by pa en ma*. Om heilig te lewe, is om vir jou vader en jou moeder eerbied te hê. Die lewe wat God se hart weerspieël, begin in jou huis. Wie eerbied en ontsag het vir sy ma en pa, begin sigbare gestalte gee aan die woorde: *Wees heilig, want Ek die HERE jou God is heilig*.

Saam daarmee om vir pa en ma eerbied te hê, word ons geleer om die Sabbatdag te onderhou. Om die Sabbatdag te onderhou, is die volgende tree na ’n heilige lewe. Die HERE gebruik die sabbat. Deur hulle beroepswerk op Sondae eers te los sodat God in ons kan werk, wys ma en pa vir hulle kinders hierdie heilige lewe.

’n Heilige lewe in navolging van die HERE wat heilig is, begin dus *in die huis*. En die *middel* waardeur ouers vir hulle kinders die heilige lewe wys, begin in die kerk, op die sabbat, in die erediens. En in die erediens gaan dit weer om geen ander verkondiging as dat die HERE alleen God is nie.

*Sing: Ps. 99-1:1, 2, 5; kyk ook na Psalms 15 en 24*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg/Bloemfontein Suidheuwels)*